# WYS MY DIE WEG



LENT WEEKLIKSE OORDENKINGS
VIR 4-9 JARIGES

## Liewe Ouers...

Ons nooi julle uit om elke Woensdag ’n paar minute opsy te sit om saam met julle kind/ers hulle eie Lent-reis in die boekie te voltooi. *(Hou maar ‘n stel potlode/kryte naby)*

Hou in gedagte dat hierdie nie die gesprek om die tafel saam met die gesin vervang nie (Familia riglyne) maar bykomend is sodat jou kind ook kan begin leer om hulle eie verhouding met Jesus te koester.

Vir die kleintjies wat nog nie self kan lees nie, lees asseblief die gedeeltes vir hulle — dit maak ’n groot en positiewe verskil in hulle lewens. Hierdie klein oomblikke saam help julle kinders om God se liefde beter te verstaan, om Jesus se pad saam hom te stap én bou kosbare tyd tussen jou en jou kind. Dankie dat julle saam op hierdie reis stap!



## Psalm 121: As ek bang word, kyk ek na die blou berge

*(deur Wendy Maartens)*
As ek bang word, kyk ek na die blou berge

En ek wonder wie my gaan help.

Die Here sal my help. Hy is sterk en slim en wonderlik!

Hy is die Koning van die hemel en aarde. Hy sal nie toe laat dat ek iets oorkom nie.

Die Here raak nie vaak nie.

Hy slaap nooit.

Hy is die beste oppasser onder die son.

Hy stap voor my uit.

Hy volg my soos 'n skaduwee.

Hy is aan my linker-en regterkant.

Niks of niemand kan by Hom verbykom nie,

Al is hulle hoe sterk.

My Here is beter as al die soldate in die hele wêreld.

Hy pas my op waar ek ook al is:

by die skool, by die huis, in die parkie, of op pad in die motor.

Hy gaan oral saam met my.

Elke liewe dag!

## Aswoensdag: Kyk op na God!

Vandag begin ons 'n spesiale reis van 40 dae saam met Jesus.

Ons gaan leer hoe lief God vir ons is. Hy stuur Jesus vir ons omdat Hy ons so liefhet!


God het ons van stof/ grond gemaak. Hy het ons mooi gemaak. Soms word ons siek of seer, en eendag word ons oud. Maar ons is nooit alleen nie. Jesus loop altyd saam met ons. Die Heilige Gees help ons hart om gelukkig en sterk te wees.

Kyk vandag op na die hemel. Wat sien jy? Wolke? Blou lug? Reën?

Alles is deur God gemaak!


**Doen:**

1. Kry 'n klein bakkie of potjie.
2. Gooi 'n bietjie sand of grond daarin.
3. Trek 'n kruisie met jou vinger.
4. Sit dit waar jy dit elke dag kan sien.



**Herhaal gebed:**

"Here, help my onthou en voel dat U my liefhet en altyd by my is. Amen.



# Week 1 - Woensdag:
# Die afdraande pad – soos Jesus

**By Jesus is ek veilig**

Jesus, ek hoef nie alles te weet, of groot planne klaar te hê. Ek maak my hartjie stil en sag— U hou my vas, dag ná dag.

Soos 'n kindjie in Mamma se arms, is ek by U veilig en warm. U sorg vir my, ek huil nie meer— U liefde dra my elke keer.

Jesus, ek vertrou vir U vandag, môre… elke uur.

**Doen dit:**

Uitdaging vir vandag is om eerste vriendelikheid te wys. Doen een van die volgende uitdagings:

- Sê eerste "more".
- Help mamma / pappa om hulle bed op te maak.
- Sit by 'n maatjie wat alleen sit (Onthou om te vra vir toestemming).
- Help in die klas sonder dat die onderwyser/onderwyseres vir jou vra.

(Omkring die een wat jy gedoen het vandag)


**Herhaal gebed bid saam:** "Here, help my onthou en voel dat U my lief het en altyd by my is. Amen."




## Week 2 – Woensdag: “Soos ’n rugsak wat te vol is – wat ek moet leeg maak sodat Jesus dit kan vul met Sy liefde, krag en vrede.”

*(Ouers help asseblief julle kinders indien nodig)*

**Psalm 84 – “ ______________________________________” (ontsyfer die opskrif)**



*(Kinderweergawe in Wendy Maartens-styl)*




Here, dit maak my hart bly

om naby U te wees.

Dit voel soos wanneer ek

in my gunsteling plek kom—

soos my bed na ’n lang dag,

of my hond wat wag by die hek.

By U is ek tuis.

U huis is vol liedjies, vol vrede, vol liefde.

Selfs die mossies het ’n nes by U.

Hoeveel te meer sal U vir my sorg!

Ek word sterk wanneer ek by U is,

al is my hart moeg of swaar.

U gee vir my nuwe moed—

van krag na krag,

van tree na tree,

tot ek weer kan glimlag.

**Jesus kyk met hart-oë, nie kwaai-oë nie!**

 **Lukas 22: 61 - 62**

“Jesus draai toe om en kyk Petrus vas in die oë. Toe onthou Petrus die Here se woorde: “Nog voor die haan môreoggend kraai, sal jy drie keer maak of jy My nie ken nie.” Petrus het dadelik weggehardloop. Hy het gehuil.”

**Dink daaroor:**
Wanneer Jesus na Petrus kyk, is dit ‘n liefde-kyk, nie ‘n kwaai-kyk of ongelukkig kyk nie.


Jesus kyk ook so na jou wanneer…

Jy met jou boetie/sussie stry. Jy ‘n leun vertel. Jy kwaad word by die skool.

Jy iemand seermaak met woorde.

“Jesus kyk na jou en help jou om weer reg / nuut te begin”.

**Doen dit:**
Kyk na die oë prentjies hieronder.





Kies die oë wat wys hoe Jesus met oë van liefde na jou kyk en trek ’n rooi kruis oor die kwaai of hartseer oë.

Terwyl jy dit doen, sê vir jouself: “Jesus kyk na my, met oë vol liefde.”

**Herhaal gebed bid saam:** “Here, help my onthou en voel dat U my lief het en altyd by my is. Amen.”

# Week 3 – Jesus se Super-Gehoorsaamheidspad

**Psalm 40 - Here, Ek Lig My Hart tot U**

*– 'n storie van hoop, blydskap en lof (Kinderweergawe in Wendy Maartens styl)*

Ek het gewag, Here, op U liefde,
my hart vol hoop, my oë op U gerig.
U het my uit die donker diepte gehaal,
my voete op 'n rots geplaas, so veilig en sterk.

Nou sing ek van vreugde, ek dans in die lig,
my mond vol lof vir al die goeie dinge wat U doen.
U sien my, Here, selfs wanneer niemand anders kyk,
U is my beskerming, my lig, my vreugde vir altyd.

Ek wil U dien, nie net met offers en geskenke nie,
maar met 'n hart vol liefde, en 'n mond wat U loof.
Help my om ander te vertel van U wonderwerke,
groot en klein, van môre tot vandag.

Ek weet, Here, U is my veilige toevlug,
en ek sal U loof, sing en dans, altyd en oral.




## ’n Hart wat na Jesus luister

### Lukas 22:39-46

Jesus het saam met sy vriende na ’n stil plek op die Olyfberg gaan bid. Hy het vir hulle gesê: “Bid, sodat julle nie verkeerde dinge doen nie.” Jesus het ’n bietjie weg van hulle af gaan sit en toe vir God gebid: “Vader, hierdie is baie moeilik. As dit kan, help my… maar ek wil doen wat U wil.” Jesus was baie hartseer en bang, en ’n engel het gekom om Hom sterk te maak. Hy het so hard gebid dat sy gesig nat geword het, soos druppels sweet wat val. Toe Jesus teruggaan, slaap sy vriende. Hulle was so hartseer dat hulle sommer aan die hulleself aan die slaap gehuil het. Jesus sê toe vir hulle: “Word wakker en bid!”

**Doen dit:**
Kleur die hart en die oor in om jou te help onthou: Jesus praat met jou, en jy kan met jou hart en jou ore mooi na Hom luister.



**Herhaal gebed:** “Here, help my onthou en voel dat U my lief het en altyd by my is. Amen.”

## Week 4 – Die moeilike deel van Jesus se seer kry storie – maar die liefde wen.

**Psalm 22:1-11 - Wanneer My Hart Stil Sê: 'Here, help my asseblief'**
*(Kinderweergawe in Wendy Maartens styl)*

"Here, dit voel asof U ver weg bly—
ek roep en roep… maar hoekom antwoord U my nie vandag nie?

Bedags roep ek hard, saans sag,
maar alles bly stil deur elke uur en ek wag.

En tog is U die Heilige Koning daarbo—
U mense sing altyd vir U, hul harte glo so.

Ons voorouers het U vertrou met al hul krag;
U het hulle gehoor—selfs in die donker nag.

Hulle het op U staatgemaak sonder vrees,
en U het gehelp… U het hulle nooit verlaat nie.

Maar ek voel klein—soos 'n wurmpie op die grond,
en mense lag vir my… hulle maak snaakse gesigte vir my.

Hulle sê: 'Ag, kyk hoe glo hy so,
kom ons sien of sy God hom regtig mooi sal red, ja-ho!'

Maar Here, U het my lief van babadae af—
U het oor my bedjie en oor my wag gehou met sagte staf.

U het my geken van my eerste asem,
voor ek nog kon praat of woorde kon sê.



So, Here, moenie ver wees as ek U roep,
my hart is swaar—trek my nader in U liefde.

Kom vinnig, my God, want moeilikheid lê naby—
maar U is nog nader… U hou my vas, U bly by my."

**Jesus se Seer Lyf**

**Markus 15:37-39**

Jesus het hard geskreeu. Toe is Hy dood. Op daardie oomblik het die groot gordyn wat in die tempel gehang het, in twee geskeur. 'n Bevelvoerder van die Romeinse soldate het reg voor die kruis gestaan. Hy het gehoor hoe Jesus skreeu en sterf. "Hierdie man was regtig die Seun van God," het hy gesê.

**Natuur-aktiwiteit: Maak 'n Kruisie – om te onthou van Jesus se seer kry.**


Wat jy nodig het:


- Takkies of stokkies
- Blaartjies of klein blommetjies
- Wol, tou of dun draad om vas te maak
- Pleister (jy kan dit gebruik as jy wil)

Wat om te doen:

1. Gaan buite en versamel takkies, stokkies en blaartjies.
2. Plak twee takkies aan mekaar vas, sodat dit 'n kruis vorm.
3. Bind dit vas met wol, tou of draad.
4. Versier jou kruis met blaartjies of blommetjies.
5. Jy kan ook as jy wil 'n pleister oor jou kruis plak om te wys dat God ons seer kan beter maak.
6. Wenk: Jy kan die kruisies self maak, of saam met jou ouers of maats.

**Dink aan Jesus se seer. Jesus verstaan seerkry en moeilike tye. Joune- maar ook ander sn seer het, of dit net vir jouself hou.**





**Herhaal gebed:** "Here, help my onthou en voel dat U my lief het en altyd by my is. Amen."

## Week 5 – Laat Los & Vertrou!

**Psalm 31:1-5; 14-16 – God = My "Safe Mode"**
*(Kinderweergawe in Wendy Maartens styl)*

Here, ek hardloop na U toe,

want by U is ek veilig.

Moet my asseblief nie laat vashak

in die moeilikheid nie.

U is my rots - die sterk klip waar ek kan skuil.

Help my, Here,

want U het my nog nooit gelos nie.

U wys vir my watter pad reg is,

en U lei my stap vir stap.

Hoor my wanneer ek roep,

want ek vertrou U met my hele hart.

In U hande sit ek my lewe.

U sorg vir my, al lyk die dag soms donker.

U laat my weer lag,

en U maak my hart vol lig.

Maar ek sê: "Here, U is my God."

U ken elke minuut van my lewe.



Hou my vas, Here,

wanneer dinge moeilik raak.

Laat U liefde oor my skyn -

soos sonskyn na ’n lang nag.

**My “Wegkruip” spasie by die Here**

**Lukas 23: 46**

Toe roep Jesus skielik baie hard uit: “My Vader, Ek sterf. Ontvang My asseblief nou daar by U!”

**Dink daaroor:**

Wegkruip plek by God
Om by God te skuil/weg te kruip beteken **God is jou veilige plek.** Wanneer dinge bang, hard of moeilik voel, kan jy na **God toe gaan in jou hart** — soos wanneer jy in jou kamer gaan sit om rustig te raak.

God sê:
**“Jy hoef nie bang te wees nie. Ek is by jou. Ek hou jou vas.”**

Hy help jou om weer **rustig en veilig** te voel, want **Hy kyk mooi na jou.**

**Gesels daaroor:**



Waar voel jy veilig?


Hoe dink jy hou God jou vas?

**Doen dit:**

Bou vir jou ‘n skuiling met enige stokkies/takkies wat jy in of om jou huis kan vind en onthou die woorde: **“By U, Here, skuil ek. Ek gee alles aan U.”**

*(Hieronder is voorbeelde van hoe jou skuiling kan lyk.)*

**Vertrou altyd op God**
Voltooi die hande wat alles vir Jesus gee.




**Herhaal gebed bid saam:** "Here, help my onthou en voel dat U my lief het en altyd by my is. Amen.

mosaïek

www.mosaiek.com | 011 268 4700 | info@mosaiek.com
1 Danielle Street, Fairland, Johannesburg